higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

HOUTWERKERSTEORIE N1

(11022171)

23 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

184Q1E2223

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HOUTWERKERSTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Tekeninge moet netjies, groot genoeg en met ’n potlood geteken word.
5. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.
6. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
7. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende pligte deur ’n PLEISTERAAR of ’n VERWER uitgevoer word deur slegs 'Pleisteraar' of 'Verwer' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Sorg dat al die stof voor die tyd opgevee word.

1.1.2 Maak seker dat alle spykers deurgeslaan en geseël is.

1.1.3 Maak seker dat alle kwaste behandel is.

1.1.4 Maak seker dat die agterkante van houtrame ’n grondlaag kry voordat dit ingesit word.

1.1.5 Maak seker dat pleisterwerk tot die volle hoogte uitgevoer word agter vloerlyste.

1.1.6 Kyk dat alle oppervlakke behoorlike vatplek het.

1.1.7 Maak seker dat die sleutellasse tussen verskillende materiale voorsien is.

1.1.8 Maak seker dat alle afwerkings haaks en glad is.

(8 × 1) (8)

1.2 Beskryf die verskil tussen *uitgawes* en *wins*. (2)

1.3 Noem VYF tegnologiese komponente wat ’n goeie toesighouer moontlik kan gebruik om produktiwiteit ’n hupstoot te gee. (5)

[15]

VRAAG 2

2.1 Indien ’n ongeluk plaasvind, moet die toesighouer betrokke wees by die beheer van die ongeluk.

Noem DRIE fases van ongelukbeheer.

2.1.1 Fase 1:

2.1.2 Fase 2:

2.1.3 Fase 3:

(3 × 1) (3)

2.2 Elke werkgewer is verantwoordelik vir die voorsiening van ’n beveiligde en risikovrye werksomgewing.

Noem die VIER algemene verantwoordelikhede van werkgewers teenoor hulle werknemers. (4)

Kopiereg voorbehou

2.3 Beskryf hoe onveilige handelinge in die werkplek plaasvind. (3)

2.4 Noem VYF veiligheidsmaatreëls om te neem voordat draagbare elektriese toerusting gebruik word. (5)
[15]

VRAAG 3

3.1 Maak 'n netjiese deursneetekening van 'n boomstam en benoem duidelik die verskillende dele.

LET WEL: Sorg dat jou skets redelik groot is. (11)

3.2 Natuurlike sowel as kunsmatige droging werk goed om hout tot die geskikte voginhoud te droog.

Gee VIER voordele van natuurlike droging. (4)

3.3 Noem DRIE gebruike van koolstofryke staal. (3)

3.4 Skryf die afkortings vir die volgende soorte plastiek neer:

3.4.1 Voglaag

3.4.2 Polivinielchloried

(2 × 1) (2)
[20]

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 4.1.1 'n Kniptang word gebruik om metaal vas te hou en te buig, en om draad en spykers mee te sny.

4.1.2 'n Lugbelwaterpas word gebruik om waterpas of vertikale oppervlakke te merk en te toets.

4.1.3 'n Voorloperskaaf is die kleinste van die bankskawe en word vir afwerking gebruik.

4.1.4 'n Klouhamer word gebruik om medium tot groot spykers in te slaan en kan ook spykers uittrek met die klou.

4.1.5 'n Snykruishout word gebruik om diep lyne in hout te sny.

(5 × 1) (5)

4.2 Wat is 'n goue reël van meting? (1)

4.3 Noem VIER draagbare, elektries aangedrewe werktuie wat deur timmermans gebruik word. (4)

4.4 Noem VYF veiligheidsvoorsorgmaatreëls om te neem wanneer 'n saag gebruik word. (5)
[15]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE verskillende soorte spilskarniere wat jy goed ken. (2)

5.2 Gee DRIE nadele van epoksihars. (3)

5.3 Identifiseer die volgende werktuie deur slegs die naam van elke werktuig langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



5.3.1



5.3.2



5.3.3



5.3.4



5.3.5



5.3.6



5.3.7



5.3.8



5.3.9



5.3.10

(10 × 1) (10)
[15]

VRAAG 6

6.1 Voltooi die volgende sin deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Blinde voeë word gebruik om die raamwerk vir (6.1.1) … van pleisterbord en om dwarsstukke te las vir (6.1.2) … van hout.

(2 × 1) (2)

6.2 Teken die verskil tussen die volgende voeë:

LET WEL: Sorg dat jou skets redelik groot is.

6.2.1 Tong-en-groefvoeg

6.2.2 Rand-tot-randskyfvoeg ('edge-to-edge biscuit joint')

(4 × 2) (8)

[10]

VRAAG 7

Die houtwerkdosent is gevra om 'n eikehoutkabinet in 'n personeelkamer te bou. Die kabinet bestaan uit vier deure en ses laaie.

Gebruik die volgende om te bereken wat die finale prys sal wees om die kabinet te bou:

7.1 Die prys van eikehout is R120,00 per m^2 en 10 m^2 word benodig om die kabinet te bou.

Bereken die koste van die eikehout wat nodig is om die kabinet te bou. (2)

7.2 Die ambagspersoon (houtwerkdosent) verdien R50,00 per uur en die dosent se arbeiders (studente) verdien R16,50 per uur.

Bereken die arbeidskoste (van die studente) as dit 18 uur neem om die kabinet te voltooi. (4)

7.3 Die ambagspersoon (houtwerkdosent) moet ook handvatsels, skarniere en toebehoorsels ter waarde van R34,50 vir die kabinet koop.

Bereken die finale prys van die eikehoutkabinet as wins van 16% by die totaal gevoeg word. (4)

[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou